Tema: Jesus se Hemelvaart:
Tussen Geleende tye en Geleentheid
Teks: Handelinge 1:9-11

Inleiding: Die Hemelvaart is waarskynlik die aspek van Jesus se lewe wat die minste aandag kry en die verkeerdste verstaan word. Hoe kan Jesus se weggaan dan nou vir ons goeie nuus wees? Dis dan waaragtig nie iets wat ons kan vier nie. Ons behoort dit dan eerder te betreur.

En tog is dit 'n wesenlike deel van die verhaal van Jesus. Dit was 'n vreemde gebeurtenis, maar die getuienis daaroor lê redelik wyd in die Nuwe Testament.

En die Bybel sê vir ons dat daar wonderlike beloftes aan die Hemelvaart van Jesus gekoppel is. Jesus was ernstig toe Hy in die Johannesevangelie vir die dissipels gesê het dat dit vir hulle voordelig is dat Hy weggaan (Joh. 16:7).

Een van die teoloë wat heelwat hieroor geskryf het, sê dat ons die fout gemaak het om te gou weg te kyk van Jesus ná sy opstanding omdat ons gedink het dat die storie nou verby is. Kan dit wees dat 'n groot deel van ons gesukkel met ons geloof in Jesus en ons navolging van Hom te doen het daarmee dat ons nog nooit mooi gekyk het na wat Jesus na sy opstanding gedoen en gesê het nie?

Ons kan Christus nie regtig verstaan sonder die Hemelvaart nie, maar, het die groot teoloog Karl Barth gesê, ons kan ook die lewe - spesifiek die aard van die lewe tussen die eerste en tweede koms van Jesus - nie verstaan sonder die Hemelvaart nie. Ons is nog nie op die nuwe aarde nie, dit is waar. Maar ons is ook nie meer in die tyd voor die koms van Jesus nie. Baie het

reeds verander en baie gaan nog verander.

Maak hoe maak ons dan nou? Ons leef in die tussen tye op geleende tyd met besonder baie geleentheid.

Baie Christene sukkel om die unieke aard van die tussentyd goed te verstaan.

Hulle verwag of te veel of te min van die lewe. As ons reg verstaan wat in die Hemelvaart van Jesus gebeur het, kan dit ons help om meer betekenisvol en meer vergenoegd in hierdie vreemde tyd tussen twee tydperke te leef.

Daar is geleerdes wat meen dat mense in ons leeftyd meer sukkel met vrae oor die sin van die lewe as oor sonde, skuldgevoelens en vergifnis, soos in die tyd van die Reformasie. Sonder om te veralgemeen kan ons waarskynlik sê dat daar baie waarheid in die stelling is. Daar is veral in die Weste baie mense - oud en jonk - wat sukkel met die gevoelens van leegheid en betekenisloosheid, vir wie alles voel na 'n gejaag na wind. Dit beleef baie in Suid-Afrika ook. Een van die winste van die Hemelvaart en *sessio* (hierdie Latynse woord verwys na Jesus wat sit aan die regterhand van die Vader) van Jesus is dat dit ons juis wil help om die betekenis en sin van hierdie tussentyd waarin ons nou leed, beter te verstaan.

Die Handelinge-teks kom help ons met twee woorde: postuur en teenwoordigheid.

Postuur verwys na die gesindheid waarmee ons leef . Eintlik maar – hoe staan jy? Met afwagting? Met vrees? Met ywer?

En teenwoordigheid herinner ons dat Jesus nie afwesig is na die Hemelvaart nie, maar met ‘n nuwe teen-woordigheid in en om ons leef. Jesus se teenwoordigheid in hierdie tussentye word juis deur ons postuur tot uiting gebring, al dan nie.